

2026



Inhoudsopgawe

Juffrou Sarlien sê -bladsy 2
 Verjaarsdagmaats-bladsy 3
 Eerste dag 2026-bladsy 4
 Valentynsdag-bladsy 5
 Koekverkoop-bladsy 6
 Graad R Bakkersdag-bladsy 7
 "See" week-bladsy 8
 "Vrugte" week-bladsy 9
 Graad R- bladsy 10
 Lootjies vir Bouprojek-bladsy 11
 Paasfees-bladsy 12, 13 14
 Kleuterland gee om/ CLAWS- bladsy 15
 Kleuterland sê "Baie dankie!"-bladsy 16, 17, 18,19

Belangrike datums:

8 April Kleuterland open om 07:30
 11 April Nasionale Troeteldierdag
 23 April Wêreldboekedag
 8 Mei Lootjies terug
 13 Mei Fotodag
 14 Mei Fotodag
 15 Mei Lootjietrekking
 29 Mei Rooiklas Bakkersdag
 26 Junie Kleuterland sluit om 10:00

JUFFROU SARLIEN SÊ.

Liewe Kleuterland-ouers

Ons het die einde van die eerste kwartaal van 2026 bereik. Dit was 'n vol en besige wegspring vir die jaar, maar ons het die wenstreep gehaal!

Ons eerste Markdag en Koekverkoop was 'n reuse sukses. Baie dankie aan elkeen vir julle bydraes en harde werk – dit word opreg waardeer.

Ons klein maatjies in die Geelklas het vinnig aangepas by Kleuterland en doen regtig goed. Ons is baie dankbaar daarvoor! Die Rooiklas-, Groenklas- en Blouklasmaats het net so mooi aangepas by die vinniger tempo in hul nuwe klasse en vorder uitstekend. Ons juffrouens is baie opgewonde en ongelooflik trots op elkeen van hulle!

Ons bestuurspan is ywerig besig met 'n groot projek om die vierkant te omskep in 'n pragtige, bruikbare speel- en ontspanningsarea – 'n droom wat al lank deel is van Kleuterland. Dit is dan ook waarvoor ons hierdie jaar lootjies verkoop. Saam kan ons hierdie droom 'n werklikheid maak! Daar is heerlike pryse op die spel en selfs 'n naambord om voor te werk. Baie dankie vir almal se ondersteuning en toegewydheid om van hierdie projek 'n sukses te maak.

Volgende kwartaal is propvol opwinding. Kyk asseblief gereeld na u kalender om op hoogte te bly van al die belangrike datums.

Geniet 'n welverdiende ruskans en veilige reis vir dié wat gaan wegbreek. Ons sien ons maats weer op Woensdag, 8 April, om 07:30.

'n Geseënde Paasfees aan almal!

Kleuterlandgroete

Juffrou Sarlien



VERJAARSDAGMAATS

April

- 1 - Daniël (Rooiklas)
- 4 - Daniël (Geelklas)
- 6 - Janika (Geelklas)
- 6 - Serena (Rooiklas)
- 8 - Ulrike (Rooiklas)
- 15 - Alaina (Groenklas)
- 19 - Faith (Rooiklas)
- 26 - Christiaan (Rooiklas)

Junie

- 14 - Dewald (Rooiklas)
- 14 - Kayla (Geelklas)
- 21 - Hannes (Rooiklas)
- 21 - Juf Sarlien (Blouklas)
- 22 - Ivan (Groenklas)
- 24 - Luam (Geelklas)
- 24 - Pieter-Hermann (Blouklas)
- 26 - Chase (Blouklas)

Mei

- 3 - Riaan (Rooiklas)
- 5 - Tannie Joane (Geelklas)
- 6 - Nicolaas (Rooiklas)
- 7 - HJ (Groenklas)
- 11 - Luhardt (Blouklas)
- 15 - Wilro (Geelklas)
- 16 - Amé (Geelklas)
- 18 - Riley (Blouklas)
- 19 - Jane (Geelklas)
- 24 - Wikus (Rooiklas)
- 25 - Joe (Blouklas)



Veels geluk!



EERSTE DAG 2026

Op Woensdag, 14 Januarie, het die grootdag waarna so baie maatsuitgesien het, uiteindelik aangebreek ... Kleuterland het geopen vir die 2026 skooljaar !!

Die Graad R-klasse het die skool vol selfvertroue ingestap en was so bly om hul maats weer te sien. Na die lang vakansie het hul baie stories gehad om te vertel!

Die Rooi- en Geelklas se maats was versigtiger, maar tog opgewonde oor al die nuwe dinge wat voorlê. Hier en daar het 'n paar tranes gevloei met die afskeid, maar almal was gou rustig en het lekker begin speel.

'n Hartlike welkom aan al die ou en nuwe maats en hul ouers!! Die eerste dag van 2026 het goed afgeloop en ons sien baie uit na al die lekker aktiwiteite wat ons vir vanjaar beplan. Mag vanjaar oorloop van God se goedheid en guns !!



14

Valentynsdag



Maandag, 9 Februarie, was Wêreld Pizzadag en
Saterdag, 14 Februarie, was Valentynsdag.
Kleuterland het sommercialbeigelyk gevier! Onshet
pizzas gemaak virbak-en-brou en daarnalekker
piekniek in die parkiegaanhou vir Valentynsdag.
Die kinders het pragtig gelyk in hul wit, pienk en
rooi. Ons maats wil net graag vir hul Mammass en
Pappas baie dankie sê vir al die liefde wat hul kry -
julle is hul "superheroes" !!!





KOEKVERKOPING



Kleuterland het op Woensdag, 4 Februarie, 'n koekverkoop by Augsburg Landbougimnasium gehou. Dit was 'n reuse sukses en die kinders het in lang rye gestaan om van die heerlike eetgoed te koop. 'n Mens raak mos baie honger as jy heeldag in 'n klas moet sit en konsentreer !

Ons wil graag baie dankie sê aan al die Mammass wat so hard gewerk het om die lekkernye te maak en ook aan dié wat kom help het met die verkope. Julle is ware staatmakers! 'n Spesiale dankie ook aan Corene van Zyl van "Mini Rabbit" vir die pragtige advertensiebord wat sy vir ons gemaak het - dit gaan nog vir baie jare ons koekverkopings ophelder !





GRAAD R BAKKERSDAG

Kleuterland se eerste Bakkersdag vir 2026 het uiteindelik aangebreek! Vandag was dit die Graad R-maats se beurt om met hul bakvernuf te spog. Die maatjies het saam met hul mammas gebak en gebrou en kon hul eetgoed verkoop aan die res van Kleuterland. Dit was 'n groot sukses en die kinders het baie pret gehad. Alles het pragtig gelyk en heerlik geproe. Baie dankie aan al die mammas en hul flukse kokke vir die harde werk - julle is supersterre !!



WEEK



Die week van 2-6 Maart se tema was "Onder die see". Die Rooi- en Geelklas het vir Bak-en-brou 'n seetoneel gemaak. Ons het Tennisbeskuitjies as basis en blou versiersuiker vir die seewater gebruik. Elke maatjie het 2 mini-Mariekoekies stukkend gedruk vir seesand en 2 pretzel-vissies in die "water" gesit. Hul het ook gekleurde strooisels oorgegooi om die seegras voor te stel. Daarna kon hul heerlik smul aan die soet see !





VRUGTE WEEK



Clanwilliam het die week van 9-13 Maart 'n hittegolf beleef met temperature van 42°C en hoër. Kleuterland se kinders het die warm week afgesluit met 'n dag van waterspel. Dit was groot pret en almal het lekker afgekoel! Die kinders het ook hul eie vrugteslaai gemaak en heerlijk daaraan gesmul - ons maats hou van gesond eet! 'n Groot dankie aan al die ouers wat vrugte geskenk het - ons waardeer jul vrygewigheid opreg.



Graad R

Die Graad R-klasse se maats is 5-6 jaar oud. Hulle gebruik die volgende bronne vir hul aktiwiteite:

- CAPS kurrikulum
- R-Wiskunde
- Die geletterheidsprogram van Stellar Stories wat deur Wordworks uitgegee word.

Die aktiwiteite is multi-sensories en bevorder alle fases van die kind se ontwikkeling.

Daarmee saam gebruik hul die Éxito Stimulasie program. Die program bestaan uit ouderdomspesifieke aktiwiteite en grootmotoriese oefeninge wat propvol stimulasie en pret is vir die kind.

Hulle gebruik die boek "Waardes vir Kleintjies en Kleuters" as deel van hul Godsdiensoonderrig. Dit is vol stories, rympies en liedjies wat fokus op die aanleer, vorming en versterking van Christelike waardes vir kinders van 3-6 jaar.

Ons pas jaarliks ons beplanning aan om dit te verbeter en ook sodat dit kan tred hou met ons maats se vermoëns. Die Graad R-maats toon goeie vordering en ons kan die resultaat sien van die moeite en tyd wat in hul dag se beplanning belê word. 'n Groot dankie aan ons Graad R-personeel vir al die omgee en liefde vir ons kinders – ons waardeer julle baie!!




Lootjies Bouprojek


Kleuterland se lootjievorms se formaat lyk vanjaar effe anders - dit is in die vorm van plaveistene. Ons wil die fondse wat ons hiermee insamel, gebruik om 'n droom wat ons al lank vir Kleuterland het, te help finansier. Ons beplan om die vierkant te omskep in 'n ontspannings- en speelarea vir die kinders. Die koste van die projek beloop omtrent R10+ per steen en daarom vra ons u ondersteuning om soveel as moontlik lootjies te help verkoop, sodat hierdie groot droom 'n werklikheid kan word! Ons gaan ook weer 'n prys hê vir die maatjie in elke klas wat die meeste lootjies verkoop. Ons waardeer elke bydrae opreg en sien uit daarna om saam met u as ouers hiervan 'n groot sukses te maak!



Paasfees

Kleuterlandsetemavir 23-27 Maart was "Paasfees". Onshet die Paasverhaal uitgebeeld met verskillende stasies. Die kinders het mekaar se voete gewassoos Jesus met die dissipels gedoen het. Daarna het ons oor die simboliek van die brood en wyn (druiwesap) gesels. Ons het ook oor die drie kruise op Golgota gesels. Die kinders kon elkeen by die oop graf inkyk en sien dat dit leeg is - Jesus het waarlik opgestaan!!!







KLEUTERLAND GEE OM



Nasionale Troeteldierdag word op Saterdag, 11 April 2026, gevier. Indien u wil, kan u asb honde- of katkos saam met u kind skool toe stuur voor of op Vrydag, 10 April. Kleuterland gaan dit dan aan CLAWS oorhandig vir ons diere in nood.

Iblaeiuet edralanu



LAMICRO GROOTHANDEL

CHRISTO VOLSCHENK
C: 082 896 8915
lamecro@telkomsa.net

LAZAAR VOLSCHENK
C: 083 448 8390
liebco.clanwilliam@gmail.com

SINCE  1952

LIEBCO

FOODS

MEATY GOODNESS



ROOIBOS[®]
— LIMITED —



KhoiSan Tea

SAFERT



elandsfontein
BOERDERY

Cederberg Ridge

SIMBAVATI
LODGE COLLECTION

17



Nueva vida skincare

ELSKE DE ROUBAIX
SOMATOLOG/ SKOONHEIDSTERAPEUT

076 212 8831

nuevavidaskincare@gmail.com



Cell: 082 402 0120 | Email: info@swartriet.com | www.swartriet.com



NAMAQUA

— OLIVES & OLIVE OIL —



**ELDORA
TEGNIESEDIENSTE**

REG No: 2019/234944/07



Ochre & Ash



GT
TUINDIENSTE
GARDENING
SERVICES
Making your garden our priority!



SEDERBERG ELEKTRIES

KONTRAKTEUR, INDUSTRIËLE AUTOMATISERING EN PROSES BEHEER

**KONTAK ONS GERUS BY:-
065 995 3854**



PIETIE SE VLEISHUIS

— EST. 2000 —

Tel nr. 0836437222 / 0274700167



BAIE DANKIE



**Smit Grondwerke
(Pty) Ltd**



**Bovlei
Boerdery**

